**Vrydag 20 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:4 |
|---|---|

## Is ons getrou aan die Here Jesus? (3)

*Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.*

Die gemeente van Efese het ’n baie swaar stryd gehad met die Nikolaïete, want hulle het selfs profetesse gehad wat dit ten doel moes stel om die Christenmans te gaan verlei.

Daarom lees ons hier van die besondere lof in die verslag aan hierdie gemeente dat die Here weet dat hulle dit in hulle het dat hulle die werke van die Nikolaïete haat, wat Hy ook haat.

Maar dan breek alles meteens af. Ons begin die skadukant van God se beoordeling van die gemeente van Efese hoor. Hulle het hulle eerste liefde verlaat. Dit is God. Die gemeente se eerste liefde was mos dat hulle ter wille van die eer van die Here nie die kwaad kon verdra nie.

Al het hulle hoeveel deugde en goeie eienskappe, hulle het hulle eerste liefde – God – verlaat. Hulle moet hulle gou bekeer, anders kom Hy na hulle toe en Hy sal sy kandelaar uit sy plek verwyder as hulle hul nie bekeer nie.

God dreig hierdie kerk met die woorde dat Hy hulle gaan vernietig. En ons weet tog almal dat die pragtige groot en ryk gemeente wat daar in Efese was, al lankal verdwyn het. Die Turke het die stad ingeval en dit verwoes totdat daar niks van hierdie Christengemeente oorgebly het nie.

Hierdie gemeente met sy streng tug en sy suiwer leer het tog van God vervreem. Hoe moeilik dit ook al mag wees om hierdie twee sake bymekaar te bring, dit het in hierdie gemeente gebeur. In hulle vurige ywer vir God het hierdie kerk so geywer dat hulle God verbygegaan het.

*Sing: Psalm 18-1:10*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*